

Gevare van toerusting in onbruik

September 2011

- In Februarie 2007 by 'n raffinadery in Texas het 'n propaanlek ontstaan by 'n kraak in pype van 'n beheerstasie, wat in onbruik was vir 15 jaar. 'n Reuse brand het ontstaan (sien fotos), vier mense is beseer, die raffinadery is ontruim en gesluit vir 12 maande met verliese van \$50 miljoen. Leer meer in die Beacons van Oktober 2008 en Mei 2010.
- Pype in 'n voedselverwerkingsaanleg is nie gebruik nie as gevolg van asbestosinsulasie. Uiteindelik het afsluitkleppe begin lek en ernstige produkkontaminasie veroorsaak.
- Water het gelek in 'n elektriese kas wat in onbruik was en 'n aardlek veroorsaak wat die krag uitgeskop het.
- 'n Aanleg wat fosfor trichloried (PCl_3), 'n hoogs water-reaktiewe stof, gebruik, is gesluit. 'n PCl_3 -stoortenk wat veronderstel was om leeg te wees, het jare later 'n lek ontwikkel. Die PCl_3 het met water gereageer en 'n wolk giftige soutsuur (HCl) gevorm.



Het jy geweet?

- ➔ Dit gebeur gereeld dat 'n aanleg ophou om sekere toerusting, pype, of selfs 'n hele produksie-eenheid te gebruik, soms vir weke, maande of selfs jare. Dit kan wees as gevolg van ekonomiese redes, seisoenale aanvraag of veranderinge in die proses.
- ➔ Toerusting wat nie gebruik word nie moet behoorlik afgesluit word van die werkende proses, leeg en skoon gemaak word en kragtoevoer moet afgeskakel word. Die aanleg behoort uitsluit-en-merk-prosedures te hê hiervoor. (Lock out and Tag)
- ➔ As die proses verander word en sekere toerusting en pype is nie meer nodig nie, word die toerusting gewoonlik afgesluit met die bedoeling om dit later te verwyder. Kom ons wel sover om dit te verwyder of bly dit maar daar om verder te verroes en agteruit

Wat kan jy doen?

- ➔ Wanneer toerusting tydelik of permanent uit diens geneem word, doen 'n Bestuur van Verandering-analise (Management of Change). Oorweeg hoe dit geïsoleer moet word van die lewendige proses, hoe dit leeg en skoon gemaak moet word, en hoe die krag afgeskakel of gediskonnekteer moet word. Volg die aanleg se uitsluit-en-merk-prosedures.
- ➔ Maak seker toerusting wat geogmerk is om later te verwyder, word wel verwyder en vestig bestuur se aandag op toerusting of pype wat in onbruik is. Jy weet dalk van sulke toerusting wat nie meer gebruik word nie en waarvan ander al vergeet het.
- ➔ Doen periodieke inspeksies op toerusting wat nie in gebruik is nie om seker te maak dit skep nie 'n gevaar vir die bedryf of die omgewing nie. Kyk vir tekens van skade, korrosie of lekke. Gee veral aandag aan kleppe en blinde flense wat die toerusting isoleer van die lewendige proses.

Bestuur die verandering wanneer toerusting uit diens geneem of verwyder word.